Hoërskool Upington

STIGTINGSDATUM: 1896
LEUSE: ARBOR BONA FRUCTUM BONUM ('N GOEIE BOOM DRA GOEIE VRUGTE)
ADRES: H/V LE ROUX- EN PARKSTRAAT, UPINGTON
WWW.UPPIES.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

'n Laerskool onder die toesig van net een onderwyser en sy vrou was die eerste stap wat in 1885 gedoen is om 'n inrigting te skep wat later in Hoërskool Upington sou ontwikkel. 'n Jaar later was die skool met sy 102 leerlinge reeds te groot vir die kerkie wat hulle gehuisves het. Daar is besluit om 'n behoorlike skoolgebou op te rig, en op 24 Junie 1899 het 'n tender gespesifiseer dat "75 000 deeglik gebakte stene voor 1 November afgelewer moet word" en dat "klippe, sand en grond voor 15 September per ossewa afgelewer moet word". Die tender van £900 is aanvaar en die bouwerk het begin. Die skool het gegroei, en het soos baie ander destydse skole deurentyd gebuk gegaan onder 'n gebrek aan ruimte. Die finale aanbouings is in 1971 gedoen. Vandag is die Hoërskool Upington oor 'n groot terrein versprei. Die skool het 610 leerlinge, onder wie 278 seuns. Die dorp het in 'n nywerheids- en landbou-oasis in die dorre Noord-Kaap ontwikkel. Net so blink Hoërskool Upington uit op akademiese en kulturele gebied, en natuurlik op die rugbyveld.

Rugby by Upington

Omdat Upington so afgeleë is, moet die skool ver reis vir sy derbies. Maar die grootste derby is teen sy buurman Duineveld. Twee wedstryde word jaarliks tussen die twee skole gespeel – die Klein Interjol en die Groot Interjol. Die eerste kragmeting is 'n ligawedstryd, maar die laaste is die finaal en belangrikste van die seisoen. Dit is reeds sedert 1968 'n tradisionele derby. Dit is 'n tipiese plaaslike derby, waarin die hele gemeenskap betrokke raak, hetsy as toeskouers, borge, oudleerlinge of skeidsregters. Interjol oorheers die week voor die groot wedstryd. Daar is die Groot Spog asook plakkaatkompetisies, sing-songs, oudleerling-reünies, die Interjoldans op die Vrydagaand en talle ander geesvang-geleenthede vir spelers en breiers. Dis inderdaad 'n week waarin Upington ontwaak en sy vere regskud vir die hoogtepunt van die jaar. Hoërskool Upington was oor die jare die meeste keer aan die wenkant. 'n Onvergeetlike wedstryd is die een van 2005. Upington was 13-9 agter met die laaste twee minute van die kragmeting. Upington het met 'n sterk skrum gekom, vinnig gedink en nog vinniger hanteer. Die vleuel Noeth het 'n oorslaanbal gekry en die wendrie gedruk.

Talle spanne het oor die jare hul merk gemaak, maar volgens die legendariese breier Dirk Kapp was die vyftiental van 1999 besonder goed. Hulle het van die land se beste spanne geklop, met inbegrip van Pedrie Wannenberg se span van Oakdale. In die lang geskiedenis het Upington heelwat spesiale spelers opgelewer, van wie 'n paar Springbokke geword het. Willem Barnard het twee toetse gespeel – teen Nieu-Seeland in 1949 en Wallis in 1951.

"Ek is in 'n klein dorpie in Namibië gebore en het daar tot std. 7 skoolgegaan. My breier het toe gesê ek het 'n goeie kans om na Hoërskool Upington te gaan, en hulle het my verwelkom. Ek het nie op my laat wag nie en het dadelik my tasse gepak. 'n Week later was ek op Upington. Om daardie 300km lange skuif na Upington te maak, was die beste besluit van my lewe. In Namibië het ek skaars tien wedstryde per jaar gespeel, maar by Upington was daar twintig kragmetings. Daarby het ek uitmuntende afrigting gekry. Hoërskool Upington het 'n uitstekende grondslag vir my rugbyloopbaan gelê."

— Rowan Walters (2003–05, Free State)

Daantjie Rossouw het ook in twee toetse gespeel, in 1953. Maar die skool se mees uitstaande Bok is Tiaan Strauss. Hy het van 1992 tot 1994 in vyftien toetse vir Suid-Afrika gespeel, voordat hy na Australië uitgewyk en ook vir die Wallabies uitgedraf het. Sy nuwe landgenote was besonder beëndruk met stories oor hoe hy leer doodvat het. Hy het glo wildebeeste van sy motorfiets geduik. 'n Paar ander oudleerlinge het in Super-14 en Curriebekerspanne gespeel, onder andere Tommie Dixon (Boland), Wicus Blaauw (Luiperds en Stormers), Riaan van Niekerk (Noord-Transvaal en Griekwas), Hendrik Loots (Boland), Dantes Liebenberg (Griekwas), Riaan Kotzé (Boland). Barney Vorster (SWD), Rowan Walters (Vrystaat) en Herklaas Engelbrecht (Griekwas). Riaan Kotzé, 'n matrikulant van 1976, is die huidige skoolhoof. Die breier Dirk Kapp meen dat Wicus Blaauw Springbokmateriaal is.

Upington speel in die grootskool-liga, en speel dus talle derbies teen spanne van oor die hele land. Die wedstryde teen Duineveld, Noord-Kaap en Diamantveld van Kimberley, Sand du Plessis van Bloemfontein is almal hoogtepunte op die wedstrydlys. 'n Derby teen Jim Fouché het ook pas begin, en wedstryde teen groot skole soos Ermelo, Grey PE, Framesby en Nelspruit is algemeen.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Tiaan Strauss, Willem Barnard, Daantjie Rossouw
Namibië:
Johan Barnard, Johan Nel, Hendrik Dames, Wicus Blaauw, Pieter Nell, Japsie Blaauw



"Tiaan Strauss was in 1983 in matriek. Hy was kaptein van die eerste span en 'n uitmuntende leier. Hy kon oral in die span speel; op skool was hy in der waarheid senter. Ná skool is hy op agsteman ingespan.

Met net 130 seuns en agt spanne om vol te maak, is ons gelukkig om toegewyde seuns te hê. Hierdie goeie materiaal het opgemaak vir 'n gebrek aan getalle."

— Dirk Kapp (Breier vir agtien jaar)